

Nuusbrief
14/06/2022
N1/2022

Privaatsak x 4 Laingsburg 6900 Tel. 023 551 1019 Faks. 023 551 1019
info@laingsburg.gov.za

# Municipality . Laingsburg . Munisipaliteit

## BOODSKAP VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER RAADSLID JOHANNA BOTHA



Geagte Laingsburgers

Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om die inwoners te bedank vir hul samewerking in die Munisipale Prosesse.

Dit is my voorreg om u in kennis te stel dat die Raad die Begroting en die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan vir 2022/2027 goedgekeur het. Die Begroting en GOP wat 'n vyf jaar plan is, is die twee dokumente wat vereis word deur Wetgewing om jaarliks hersien te word sodat dienslewering binne die begroting kan plaas vind. Sedert my aanstelling het die volgende projekte plaasgevind:

- Stormwater rehabilitasie (gabions en matrasse) in die Stormsrivier (Breekwater en Treinbrug)
- Sypaadjies te Akasia Park
- Aanleg van water te Erf 2 beter bekend as ''Pishoogte"
- Uitbreiding en Skoonmaak van begrafplase
- Tender Projekte vir ons plaaslike kontrakteurs (alle geregistreerde plaaslike kontrakteurs het tot dusver projekte ontvang)
- EPWP tydelike werksgeleendhede (50+ deelnemers elke derde maand)
- CWP werksgeleendhede (700+ deelnemers tot dusver teiken is 900)
- Matjiesfontein rioolstelsel opgradering
- Matjiesfontein Water Rehabilitasie Projek
- Verfraaiing van Burgemeesters Tuin

Die windplase is ook tans aan die gang en verskaf verskeie werksgeleendhede wat behalwe projek aanstellings ook byvoorbeeld spysenière, skoonmaak en ander projekte insluit.
Plaaslike deelnemers het ook baat gevind by die volgende sosiale bydra projekte van die windplase:
• Hulp met universiteits toelaag +- 15 wat Sutherland en Matjiefontein insluit.
•Het ook 'n projek by die naam van 1 huishouding 1 gegradeerde wat binnekort van stapel gestuur sal word
Toekomstige projekte sal die volgende insluit
• Vaardigheids programme vir die Jeug
• Sleepover Model waar daar gekyk gaan word hoe om die toeriste langer in die dorp te hou byvoorbeeld "Backpacking"
• Moontlike Behuising Projek te Erf 2 "Pishoogte"
• Die Nasionale Lugvaart en Ruimte Administrasie Projek (NASA) by Matjiesfontein area wat soortgelyk aan die Sutherland Projek wat bekend staan as die Sterrewag
Hiermee die tarief aanpassing soos volg:

| | |
|---|---|
| ➢ Elektrisiteit | - 7,47% |
| ➢ Water | - 6% |
| ➢ Vullisverwydering (Huishoudelik | - 12% |
| ➢ Vullisverwydering (Ander) | - 5% |
| ➢ Riool | - 5% |
| ➢ Diverse | - 5% |
| ➢ Eiendomsbelasting | - 6% |

Ek dank u




LADAAG

*Ons help persone wat afhanklik is van Alkohol & Dwelms, maar die persone moet regtig gehelp wil word. Dit is ons ondervinding dat wanneer persone geforseer word deur families en ander persone, hulle dit net doen om mense tevrede te stel, daarom vra ons u as persone en naasbestaandes om diesulkes te verwys en baie te bid vir hulle, omdat hulle regtig 'n behoefte het om gehelp te word. As u voel die tyd is reg, kom maak 'n draai by Shireen Gouws by die Thusong Sentrum of kontak haar by (023) 5511899 tydens werk ure.*

## Laingsburg Openbare Biblioteek

**<u>Die belangrikheid van lees.</u>**

Geletterheid is die vermoë om te lees en skryf en om die woord te verstaan wat geskryf is. Die werklikheid is 'n swak leser is 'n sukkelende leerder. Ons kinders moet van kleins af al aan boeke blootgestel word. Kinders leer verskillende vaardighede deur net te lees. Dit help die kind se konsentrasie en ook om te ontspan. Lees is oefening vir die brein. Ouers kom sluit vandag u kind aan by die biblioteek.




Groete so tussen die Boeke Uit

*Francisca, Liezl, Heidi, Cathy , Audrey*




## Prosedures om foute aan te meld, 'n ondersoek of klagte saam te vat ! ! ! !

As deel van die verbetering in kliënte diens, het die Laingsburg Munisipaliteit verskillende kanale geskep waardeur foute aangemeld kan word.

Hierdie kanale stel 'n individu of organisasie in staat om 'n klag in te dien rakende aspekte van ons munisipale bedrywighede en dienste. Ons moedig u aan om die **Munisipale kantore** te besoek of skakel ons by **+27 (023) 551 1019.**

***NB!!!*** Indien u 'n klag raporteer, voorsien asseblief u volle naam en van, kontak besonderhede en adres.

## Munisipale Visie

## "'n Bestemming van keuse waar mense eerste kom"

## Laingsburg Tourism Office

Uit die Kantoor:

Ons is so opgewonde om ons nuwe webwerf en handelsmerkinisiatief bekend te stel genaamd LOCAL LAINGSBURG. ’n QR-kode is geskep om toegang tot die webwerf vinniger en makliker te maak – www.laingsburglocal.co.za

We are so excited to introduce our new website and brand initiative called LOCAL LAINGSBURG. A QR code was created to make it quicker and easier to access the website – www.laingsburglocal.co.za.




The idea is for local product owners to get on board and when doing so they can receive “Local Laingsburg” branding stickers to place of all their locally made products.

We have the opportunity to host a group of young adults in a programme called the Tourism Monitors and these enthusiastic individuals have the potential to achieve great things. They have completed their theoretical work and currently placed at various stakeholders to gain practical work experience.

### * Deernis Aansoeke *

Indien u gesamentlike inkomste nie R 3 800.00 oorskry nie en u het die Hersienings proses van Deernis Aansoeke gemis, kan u ons kantore besoek tydens kantoor ure. U moet die volgende dokumente saam bring:

- Almal bo die ouderdom van 18jaar se ID’s
- Indien u werksaam is: Salarisstrokie / Bewys van Inkomste / Bankstaat
- Allpay Staat
- Dienste Rekening (Moet op aansoeker se naam wees)
- Elekrisiteitstrokie
- Verklaring van werkloosheid (SAPD Verklaring)

Baie dankie vir u samewerking in die verband.





Dappermuis en Carebears is steeds aan die gang. Dit staan u vry om genoemde dagsorg sentrums te besoek en te kontak by die volgende nommers vir verdere navrae:

***Bergsig Dappermuis***

*Minnee Buys – 071 042 9666*

***Matjiesfontein Carebears***

*Desiree Florence – 063 372 6511*

## Munisipale Sake

Kantoor Ure: 7:30 tot 16:15, gesluit tussen 13:00 – 13:45 vir middag ete

Rekening Betaaldatum: 7de van elke Maand;

Deernis Afsnypunt: R3800p/m per per Huishouding

Huishoudelike Vullisverwydering:Dinsdae: Göldnerville / Bergsig & Donderdae: Dorp, Acacia Park & Skool & Protea Straat;

Besigheids Vullisverwydering: Maandae & Vrydae

Tuin Vullis: Donderdae en Vrydae

Skryf van Leerling Lisensie: Dinsdae (Afskprake moet vooraf gemaak word)

**Klagtes moet so vroeg as moontlik aangemeld word, ander moet dit oorstaan tot die volgende dag.**

Nuwe Wykskomitees is gestig na die afloop van die November 2021 verkiesing in Januarie 2022. Wykskomitee vergaderings is steeds maandeliks waar u belange ter tafel gelê word.

Na afloop van elke wykskomitee vergaderings moet die wykskomiteelede met hul blokke vergader om terugvoering te gee van belange soos ter tafel gelê.

Die Wyksraadslede moet ook kwartaalliks terugvoering gee aan hul wyke oor hul belange wat die stand van die Munisipaliteit insluit.

## Nood Nommers

| | | |
|---|---|---|
| Munisipale Verkeer | - | 087 094 6681 / 073 148 7665 |
| Brandweer & Rampbestuur | - | 073 148 7665 |
| Water Werke | - | 073 171 5896 |
| Elektrisiteit | - | 073 171 5896 |
| SAPD | - | 023 5518200 |
| EMS Ambulans | - | 10177 / |
| | - | 023 551 1420 |
| Klagtes | - | 023 551 1019 |
| Childline | - | 0800 055 555 |
| Kindersorg | - | 023 551 1694 |
| Hospitaal | - | 023 814 2017 |
| Binnelandse Sake | - | 023 5511 069 |

## Belangrike Datums

| | |
|---|---|
| *Jeugdag :* | *16 Junie 2022* |
| *Nuwe Finansiële Jaar:* | *1 Julie 2022* |
| *Mandela Dag:* | *18 Julie 2022* |
| *Vroue Dag:* | *9 Augustus 2022* |
| *Erfenisdag:* | *24 September 2022* |

LAINGSBURG

MUNISIPALITEIT

**2 Van Riebeeckstraat**
Laingsburg
6900

Kontak ons **023-551-1019**



**Indien u 'n advertensie in die koerant wil plaas kan u met ons gesels en 'n goeie prysie kom onderhandel!!**

**Munisipale Kommunikasie Kantoor**
**Madré & Arthur**